DEEL 118 | WEEK 35 | 28 AUGUSTUS 2026 | R5
HEILBRON HERALD
IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Toename in misdaad wek kommer in Heilbron



Die afgelope tyd is daar toenemende kommer oor misdaad in Heilbron, met verskeie voorvalle wat die afgelope maande plaaslike inwoners en sakeondernemings geraak het.

In die jongste voorval is daar gedurende Woensdagoggend vir die vierde keer by Bekof se koffiewa by Wentworth Square ingebreek. Die eerste inbraak vroeër vanjaar het die onderneming meer as R50 000 se verliese besorg. Onder die gesteelde items was onder meer koffiebone en die onderneming se betaalpunt.

Na die eerste voorval het Bekof ’n plaaslike sekuriteitsfirma betrek en kameras en 'n alarm laat installeer. Ten spyte van hierdie maatreëls is daar ’n tweede keer by die koffiewa ingebreek. Ogies is toe geïnstalleer en nou het die onderneming vir die vierde keer onder dieselfde probleem deurgeloop.

Die voorval staan egter nie op sy eie nie. Sowat drie weke gelede is twee sonpanele van School of Destiny se dak gesteel, terwyl ’n plaaslike onderneming ongeveer drie maande gelede gedurende die nag die teiken van ’n gewapende rooftog was.

Tydens dié rooftog het twee persone die onderneming binnegestap. Een van die bestuurders is glo met ’n vuurwapen teen die kop aangehou, terwyl ’n ander persoon vasgebind is. Die aanvallers het kontant geëis voordat hulle die toneel verlaat het.

Die plaaslike voorvalle kom te midde van ’n waarskuwing deur Vrystaat Landbou (VL) oor ’n toename in misdaadinsidente in verskeie dele van die Vrystaat. Volgens VL se veiligheidsrisiko-analis, dr Jane Buys, wek die aard en omvang van die jongste insidente kommer, met verskeie voorvalle wat op soortgelyke werkswyses dui.

Vrystaat Landbou wys daarop dat die breër misdaadpatroon onder meer diefstal van koperkabels, transformators, sonkragpompe en -panele, asook vee- en graandiefstal insluit. Die organisasie doen ’n beroep op gemeenskappe om paraat te wees en verdagte aktiwiteite en misdaadinsidente onmiddellik by die SAPD en plaaslike veiligheidstrukture aan te meld.

Die herhaalde voorvalle in Heilbron laat toenemend vrae ontstaan oor die veiligheid van plaaslike ondernemings en inwoners. Vir sake-eienaars beteken elke inbraak nie net die verlies van eiendom nie, maar ook moontlike inkomsteverlies en die koste om skade te herstel. Intussen groei die gevoel van onveiligheid onder inwoners.

Die jongste voorvalle beklemtoon daarom die belangrikheid van samewerking tussen die gemeenskap, plaaslike sekuriteitsmaatskappye en die polisie. Slegs deur saam waaksaam te wees, verdagte aktiwiteite aan te meld en daadwerklik teen misdaad op te tree, kan die toenemende probleem hokgeslaan word.

# Een skaap, baie harte, Heilbron staan saam

Daar is min dinge so mooi soos ’n gemeenskap wat saamstaan wanneer iemand dit die nodigste het. Hoërskool Heilbron se Netbaldag, wat op 15 Augustus plaasgevind het, het gewys dat omgee nie net in woorde lê nie dit word in dade gewys.

Tydens die dans is ’n skaap opgeveil, en Johan Conradie van die Sasolburg-Deneysville-omgewing het die skaap vir R3 500 gekoop. Maar hy het nie daar gestop nie. Met ’n oop hart het hy besluit om die skaap te betaal én dit terug te gee sodat dit weer opgeveil kon word, met die hoop om nog meer geld vir dié goeie doel in te samel.

Die skaap het eintlik sy eie besondere storie. Dit is deur Faan Potgieter geskenk nadat húlle dit tydens die skool se lootjieverkope gewen het. Hulle het besluit om die skaap weer te skenk, sodat dit ’n verskil in iemand anders se lewe kon maak.

Jacques Jansen van Rensburg, ’n Heilbronner, het die skaap toe weer vir R3 500 gekoop, na Conradie hom terug geskenk het. Só is R7 000 binne ’n kort tydjie ingesamel – alles vir Leandri Els, ’n leerder wat ’n knie-operasie moet ondergaan nadat sy tydens ’n skoolaktiwiteit beseer is.

Agter die geld is daar ’n storie van mense wat omgee. Van Faan en Samantha wat iets wat hulle gewen het, weer weggegee het. Van Johan wat, nadat hy die bod gewen het, besluit het om die skaap terug te gee. En van Jacques wat weer sy hand opgesteek het om ’n bydrae te maak.

BKB het weereens die veiling aangebied en gehelp om hierdie besondere oomblik moontlik te maak.

Want soms is dit nie die groot gebare wat ’n mens die meeste raak nie, maar die eenvoudige besluit om iets wat jy het, weer te gee – sodat iemand anders ’n bietjie hoop kan kry.










# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum



## *Internasionale Hondedag – Honde: Meer as net ’n troeteldier – ’n bron van liefde, troos en emosionele ondersteuning*

***• Elmarie Els-Hammann***

Op 26 Augustus vier die wêreld Internasionale Hondedag – ’n dag waarop ons die besondere rol van honde in mense se lewens vier. Honde is bekend vir hul lojaliteit, liefde en onvoorwaardelike aanvaarding, maar vir baie mense is ’n hond veel meer as net ’n troeteldier. Hulle is ’n familielid, ’n vriend en soms selfs ’n bron van emosionele ondersteuning.

In ’n wêreld waar baie mense stres, eensaamheid en emosionele uitdagings ervaar, speel honde ’n waardevolle rol. Die eenvoudige teenwoordigheid van ’n hond kan ’n gevoel van rustigheid en veiligheid bring. ’n Hond luister sonder om te oordeel, bly naby wanneer iemand hartseer is en bied liefde sonder voorwaardes.

**Die terapeutiese waarde van ’n hond**

Die band tussen mens en hond het ’n besondere terapeutiese waarde. Om ’n hond te streel, met hom te speel of net rustig saam met hom te sit, kan help om spanning te verminder en ’n gevoel van kalmte te skep. Vir mense wat deur moeilike tye gaan – soos verlies, verandering, trauma of eensaamheid – kan ’n hond ’n belangrike bron van vertroosting wees. ’n Hond kan ’n mens help om weer ’n daaglikse roetine te hê, omdat die dier afhanklik is van versorging, aandag en liefde. Baie mense ervaar dat hul hond hulle motiveer om op te staan, buite te gaan, te beweeg en weer kontak met die wêreld te maak. Die verantwoordelikheid om ’n hond te versorg, gee ook ’n gevoel van doelgerigtheid en verbondenheid.

**Honde en kinders – ’n verhouding wat leer en genees**

Kinders kan groot voordeel trek uit ’n liefdevolle verhouding met ’n hond. Deur ’n hond te versorg, leer kinders belangrike lewensvaardighede soos verantwoordelikheid, geduld, empatie en respek. Vir kinders wat moeilike ervarings beleef het, kan ’n hond ’n veilige metgesel wees. ’n Hond kan ’n kind help om emosies te verwerk, selfvertroue te ontwikkel en die ervaring van onvoorwaardelike aanvaarding te beleef. In baie gevalle word honde ook gebruik as deel van terapeutiese programme by skole, hospitale en sorgsentrums. Die teenwoordigheid van ’n hond kan kommunikasie vergemaklik en mense help om meer ontspanne en veilig te voel.

**Praktiese voordele van honde in ons gemeenskappe**

Die voordele van honde strek verder as emosionele ondersteuning:

- Honde bevorder ’n gesonder leefstyl:
  Daaglikse stap en speeltyd met ’n hond moedig beweging aan en gee mense die geleentheid om tyd in die buitelug deur te bring.
- Honde bring mense bymekaar:
  ’n Hond kan maklik ’n gesprek begin en help om sosiale bande tussen mense te versterk.
- Honde bied ondersteuning tydens moeilike oomblikke:

Baie honde het ’n natuurlike vermoë om aan te voel wanneer hul eienaar hartseer of gespanne is en bied dan hul stil teenwoordigheid as troos.

**Liefde vir ’n hond beteken verantwoordelikheid:**


Hoewel honde soveel liefde en ondersteuning aan mense gee, moet ons onthou dat hulle ook sorg en beskerming nodig het. ’n Hond is nie net ’n dier wat ons liefde gee nie – dit is ’n lewende wese wat afhanklik is van ons verantwoordelikheid. Verantwoordelike honde-eienaarskap beteken dat honde voldoende kos, vars water, veilige skuiling, veeartsenykundige sorg, inentings, oefening en liefde ontvang. Sterilisasie speel ook ’n belangrike rol om ongewenste werpsels te voorkom en dierewelsyn te bevorder. Vir mense wat dit oorweeg om ’n hond aan te skaf, is aanneming by ’n dierebeskermingsorganisasie of skuiling ’n wonderlike opsie. Daar is baie liefdevolle honde wat wag vir ’n tweede kans op ’n veilige en sorgsame huis.

Internasionale Hondedag herinner ons daaraan dat die verhouding tussen mens en hond besonders is. Honde gee vir ons geselskap, vreugde en emosionele ondersteuning – en in ruil daarvoor verdien hulle ons sorg, respek en liefde. Deur goed na ons diere om te sien, bou ons nie net beter lewens vir ons troeteldiere nie, maar ook ’n meer omgee- en deernisvolle gemeenskap.

“’n Hond se liefde ken geen oordeel nie. Deur verantwoordelike versorging gee ons terug aan die diere wat soveel vreugde, troos en emosionele ondersteuning in ons lewens bring.”

# UIT DIE PEN:

## *Week 35*



Daar is selfhelpboeke oor min of meer enige tema. Ek het vir ChatGPT gevra waar die gaping in die mark tans is. Hier is ’n paar temas, direk uit die KI perd se bek, indien jy graag die selfhelpmark wil betree met jou splinternuwe boek:

Hoe om ’n gewone lewe goed te leef.

Hoe om middelmatig te wees.

Hoe om as volwassene ’n goeie vriend te wees wanneer almal besig is, verhuis, trou of kinders kry.

Hoe om afguns teenoor jou vriende te hanteer wanneer jy baie beter is as hulle.

Hoe om op te hou om jou lewe voortdurend te probeer verbeter.

Hoe om ’n beginner te wees sonder om dom te voel.

Hoe om ’n vervelige werk en ’n vervelige verhouding te hanteer.

Hoe om met onsekerheid saam te leef sonder om voortdurend te probeer oplossings vind.

Hoe om opreg bly te wees vir iemand vir wie jy in die geheim gegrief voel.

Hoe om op te hou om interessant te probeer wees.

Hoe om te leef wanneer jy geen groot droom het nie.

Hoe om sukses te hanteer as sukses jou nie gelukkig maak nie.

Dis interessant dat bogenoemde boeke oor middelmatigheid handel. Nie om jouself aanmekaar te laat beter word nie. Teenstrydig met die boeke wat tans te koop is. Almal wil slimmer, beter, maerder, vinniger, mooier en jonger lyk en voel.

Maar ’n ander boek wat ek nog nie gesien het nie, is hoe om te rou. Oor hoe om jou hart uit te huil, en om uiteindelik vrede te kry. ’n Boek wat vir jou ’n tydlyn stel oor wanneer jy kan huil, hoe jy moet huil, hoe lank jy kan huil. Die naaste wat ons daaraan kom, is die 5 stappe van rou.

Daar is gewoonlik ontkenning en skok. Jy voel dat die nuus nie die waarheid kan wees nie, en glo nie wat gebeur het nie.

Jy raak kwaad. Woedend. Jy is kwaad vir ander mense, dalk kwaad vir die persoon wat die seer veroorsaak het. Jy kan ook kwaad voel vir die Here.

Daar is die onderhandelingsfase. Jy vra jouself die vraag af: Wat as? Wat as ek meer gebid het? Wat as ek meer aandag aan die persoon gegee het?

Jy kan ook baie terneurgedruk voel en depressie ontwikkel. Jy voel magteloos, hartseer, fisiese pyn en leeg.

Uiteindelik kom aanvaardig, waar jy vrede maak met die verlies.

Bogenoemde fases kom nie altyd in dieselfde volgorde nie. Dit kom soos dit kom.

Onlangs is die pa van ’n kollega dood. Sy het pas by die werk aangekom toe sy die oproep ontvang. Sy het opgespring en geskree, in trane uitgebars. Sy hardloop toe in iemand se kantoor in, val neer op ’n stoel, slaan op die tafel en stamp haar voete op die grond. Sy was die hele tyd histeries.

Vir my was dit baie vreemde gedrag.

Uit kleintyd kan ek onthou dat daar mense is wat inmekaargesak het wanneer hulle ’n doodstyding kry. Ek kan onthou dat ons by my ouma Swanepoel se begrafnis was. Die lykswa het by die kerk onder die bome parkeer. My ouers en ek het nader gegaan om na haar te kyk. My ma se bene het onder haar ingevou. Dit was die enigste keer wat ek gesien het dat iemand inmekaarsak.

Terloops, ek sien die media praat deesdae daarvan dat iemand “ineengestort” het, nie inmekaar gesak nie. Dis mos 'n gebou wat ineenstort, nie mense nie. Synde ek nie ’n taalpraktisyn is nie, kan ek nie kommentaar lewer oor die regte woord nie.

Iedergeval. My kollega is na haar ma toe. Die volgende dag stuur sy vir my ’n boodskap dat haar ma nie kan beweeg nie. Haar knieë en haar heupe wil nie werk nie. Sy kan ook nie haar arms beweeg nie.

Later laat weet sy dat haar ma in die hospitaal opgeneem is, dus neem ek aan dat haar toestand ernstig was.

Toe ek nog in my Oos-Vrystaatse dorpie gewoon het, is ek en twee vriende na ons bediende se begrafnis. Tydens die diens moes ons ook iets sê, heeltemal onverwags. Ons al drie het sommer so om die beurt gepraat.

Terwyl ons praat het daar, vlak voor ons, twee seuns op die grond geval. Dit het gelyk of hulle epileptiese aanvalle kry. Vier groot mans het die seuns uit die kerkgebou gedra.

Toe ons later by die graf kom, het dieselfde gebeur. Een persoon het geval en het sommer, sonder enige seremonie, ’n spatsel water in haar gesig gekry.

Dit het my laat dink oor rou, en hoe ons rou. Die ou mense het gewoonlik swart gedra. As jou kind dood is, het jy vir ’n jaar swart klere gedra. Die mans het meestal ’n swart rouband oor hulle bo-arm gedra. Ek kan onthou dat my destydse kêrel ’n rouband gedra het net nadat my sussie dood is.


My ouma het die foto’s en spieëls toegegooi. Die dooie se naam is ook nie geredelik genoem nie. Ek kan onthou dat my tannie ’n baba gehad het wat by geboorte dood is. Daar was ’n klein graffie langs die mielielande. Almal het net verwys na die graffie, sonder om die baba se naam te noem.

Ek verstaan hoekom daar nie ’n boek is met klinkklare stappe oor hoe om te rou nie. Rou is persoonlik en elke mens doen dit anders. Omdat die hart binne-in rou is.

Jy ervaar elke persoon se dood anders. Elkeen vat op ’n ander manier aan jou hart.

Ek het hierdie week geleer dat rou verskillend beleef en verskillend geleef word. Een persoon se rou is nie beter of minder as ’n ander persoon s’n nie. Ons kan nie aan mekaar voorskryf hoe jy moet voel nie.

Want daar bly ’n gat waar ’n geliefde eens geleef het.




**Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald**

**Kontak Hendie 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za Elsstraat 44, Heilbron**

# Bronnie Voëljag lok vanjaar bykans 80 jagters






Die jaarlikse Bronnie Voëljag het die afgelope naweek plaasgevind en het weer eens bewys dat dié fondsinsamelingsgeleentheid vir Hoërskool Heilbron van krag tot krag groei.

Die voëljag word deur die skool se beheerliggaam en sy komitee beplan en is vanjaar vir die vierde keer aangebied. Waar die eerste jaar slegs sowat 20 jagters gelok het, het die geleentheid sedertdien aansienlik gegroei. Byna 80 jagters het vanjaar aan die voëljag deelgeneem.

Boere in die omliggende gebied speel ook 'n belangrike rol in die sukses van die naweek deur die jagters op hul plase te ontvang en vir hulle 'n plek te bied om te jag. Die geleentheid is 'n belangrike fondsinsamelingsprojek vir die skool en bring terselfdertyd die plaaslike landbou- en skoolgemeenskap bymekaar.

Vanjaar het die naweek op Albert Els se grond afgeskop met 'n kleiduifskiet, waarna die jagters die res van die naweek die veld aangedurf het.

Onder vanjaar se deelnemers was ook bekende name, waaronder Pasch du Plooy en Derick Kunn.

Met die voortdurende groei in belangstelling lyk dit asof die Bronnie Voëljag 'n vaste instelling op Heilbron se kalender geword het, met nog groter potensiaal vir die jare wat voorlê.

AAT Agenbag's All Trade CC/BK
'In Deo Sapientiae Lux'
'Business by The Book'
CropGen
Whatsapp: 060 397 6380 Email: agenbagsalltrade@gmail.com
AAT CropGen SA
(www.cropgenapp.com)
nooi alle boere uit na inligtingsessies
Do 03/09 (10am), Do 10/09 (10am) en Do 17/09 (10am)
by Hartklop Heilbron (Piercestraat 52).
RSVP jou plek as boer deur jou naam, van, e-posadres en die sessiedatum te
WhatsApp na 060 397 6380
ten minste 2 dae voor jou sessiedatum.
Die inligtingsessies behels die volhoubaarheid, winsgewendheid en vorentoe neem van jou boerdery met die **CropGen App / Platform**.
Na die sessies sal gratis koffie, tee en varsgebakte skons beskikbaar wees terwyl al jou vrae beantwoord word.














# Vat 'n trek van my twak!

## Heilbron se slagyster



1 plus 1 is nie 11 soos mens dalk kan dink of aanvaar nie - so ook is daar baie besluite wat mens dalk aanvaar wat nie wettig is nie!

Wonder wat het geword van die munisipale wette wat voor 1994 op die boeke was?

Met die vorige regering was daar 'n stadsraad wat bestaan het uit gekose raadslede - hoewel nie alle inwoners stemreg gehad het nie. Dan was daar 'n stadsklerk wat alle besluite van die raad uitgevoer het. Die stadsklerk was bygestaan deur amptenare uit elke dorpsdepartment. Dit klink nog reg want die munisipalebestuur was baie doeltreffend. Soms dalk nie baie buigbaar nie, maar plan is gemaak om die dorp se vooruitgang die hoofdoel te maak.

Die punt wat ek wil maak is nie dat daar nou niks meer gedoen word om bevordering aan te wakker nie! Nee ek wonder hoe net ...... dalk is daar net 'n Status Quo.

Interessant is een van die vorige stadsraad se besluite dat geen vragmotor saans na 8 uur in Heilbron mag oornag nie. Daar was redes hoekom die besluit geneem was ....

Die raad was nogal streng met die toepassing van die wet. Van die raadslede wat dalk na die spertyd in die dorp verkeer het, was gou om die verkeersinspekteur te skakel en te vra om die vragmotor te beboet want daar was oral kennisgewings oor die wet!

Nou die betrokke verkeersinspekteur wat aangesê is om die boete uit te reik was naderhand moeg vir die na-ure se bedrywigheid en het oortyd ge-eis. Dit het die raadslede tot ander insigte gebring en die inspekteur het rustiger geslaap.

Wonder of die "oorslaap" wet nog van toepassing is, want dit wil voorkom asof dit in 'n besigheid omskep is.

Daar is ook 'n ander "wet" wat dalk wyer strek as net *alhier* - die vragmotorbestuurders wat nie die trok se remme gebruik om stadiger te ry nie maar om die snelheidspedaal te los en die rat te gebruik. Dit veroorsaak 'n baie harde geraas deur die knaldemper wat klink soos "Guy Fawkes" op 5 November.

Die drierigting stopteken by die NG Moederkerk met sy Burger-monument wat op 11 April 1924 onthul is, kan getuig van verkeers-oortredings wat skrikwekkend is. Voertuie insluitende vragmotors verontagsaam die verkeersteken. Dit is soos 'n slagyster wat net wag om af te gaan.

Dalk is daar goeie bestuurders wat grade het om verkeerswette te verontagsaam ten koste van voetgangers wat daar oorsteek om inkopies te doen!

***Groetnis en lekker boer!***



# Byna R12 miljoen se skade in vee- en wildbedryf

Die omvang van die skade wat die afgelope kouefront aan die Heilbron-gebied se vee- en wildbedryf aangerig het, is op 'n geraamde R11,85 miljoen bereken.

Volgens 'n voorlopige skadebepaling van Heilbron Landbou, wat die verliese tydens die kouefront van 10 en 11 Augustus opgeteken het, is 37 boere deur die uiterste weerstoestande geraak. Altesaam 715 stuks vee en 319 wild is in die verslag as verlore aangeteken.

Onder die vee wat gevrek het, is 227 koeie, 102 kalwers, 356 lammers en twee bulle, asook 28 volwasse skape. Die geraamde verlies aan vee beloop R4,88 miljoen.

Die wildbedryf het 'n verdere verlies van sowat R6,98 miljoen gely. Die voorlopige syfers sluit onder meer 175 buffels, 48 swartwitpense, 33 gemsbokke, 26 bontebokke, 16 rooibokke, sebras, waterbokke, rooihartbeeste, blesbokke, 'n nyala en 'n volstruis in.

Die syfers beklemtoon die erns van die kouefront, wat gepaard gegaan het met ysige temperature, sterk wind en reën. Boere in die Heilbron-omgewing het reeds vroeër vertel van groot verliese onder vee en wild. Die volle ekonomiese impak is egter waarskynlik nog groter, aangesien die huidige syfers slegs die verliese verteenwoordig wat tot dusver aangemeld en bevestig is.

Die voorlopige berekening wys ook hoe swaar individuele boere getref is. Moedersdeel het byvoorbeeld 'n geraamde verlies van meer as R4,2 miljoen aan vee en wild aangeteken, terwyl Hoogte se verliese op meer as R4,4 miljoen beraam word.

Intussen word daar op terugvoer van die LUR vir Landbou, Elzabe Rockman, gewag oor verdere ondersteuning aan die boere.

Volgens Johan Germishuys word daar tans ook gewag vir leiding van COGTA oor die hantering van die ramp.

Die hoof van Vrystaat Rampbestuur, Markes Butler, het egter beklemtoon dat staatsinstellings nie hoef te wag vir 'n formele rampklassifikasie of rampverklaring voordat hulp en noodmaatreëls ingestel kan word nie.

Volgens hom moet munisipaliteite, provinsiale en nasionale departemente reeds hul bestaande rampbestuursplanne, beskikbare hulpbronne en noodprosedures aktiveer om lewens, eiendom en lewensbestaan te beskerm.

Hy het verder verduidelik dat 'n rampverklaring nie outomaties volg bloot omdat groot skade plaasgevind het nie. 'n Verklaring kan wel oorweeg word indien bestaande wetgewing en noodmaatreëls nie voldoende is om die situasie te hanteer nie.

Butler het 'n beroep op gemeenskappe en boere gedoen om druk op plaaslike raadslede te plaas vir 'n rampverklaring, aangesien dit kan help om verdere hulp en ondersteuning vir die gebied te ontlok.

Die totale voorlopige skade van R11 855 200 is 'n ernstige terugslag vir die plaaslike landbou- en wildbedryf. Met verdere skadebepalings wat steeds kan volg, kan die uiteindelike bedrag selfs hoër wees.

# Chrizette gekies vir Fezile Dabi-dogterskrieketspan

Chrizette Greeff het op Maandag 17 Augustus aan die Fezile Dabi Hoërskool-dogterskrieketproewe deelgeneem, waar jong krieketspelers meegeding het om 'n plek in die distrikspan.



Haar harde werk en goeie spel het vrugte afgewerp toe sy in die Fezile Dabi Hoërskool-dogterskrieketspan ingesluit is.

Chrizette se insluiting in die span is 'n besondere prestasie en bied haar die geleentheid om haar kriekettalent op distriksvlak verder te ontwikkel.

# Huppel Trippel verander Noot-vir-Noot in 'n versoekprogram

Dit was 'n heerlike nuwe aanslag - om versoeke uit die 'gehoor' te sing. En die begeleier moes uithaal en wys om al die liedjies onder noot te bring! Maar alles is in 'n ontspanne en aangename gees gedoen. Dis ongelooflik hoe vinnig 2026 besig is om onder ons uit te loop. Die program vir die vierde kwartaal skop af met oefeninge op die maat van musiek. En as dit lei tot 'n lekker Lyndans-sessie, sal niemand kla nie! Die volgende saamkuier sal dan op 8 September in die eetsaal plaasvind.



*Martie, ons begeleier, haal uit en wys om by te bly met die versoeke.*


Looking for the perfect flat to call home?

This well-located and comfortable flat is now available for rental. The flat is situated at 22 Breë Street, Heilbron, offering a convenient and comfortable living space in a great location.

For more information, please contact Phillip van der Merwe and Partners Inc. at 058 852 2041.









HERALD Sport

# Heilbron Rolbalklub beëindig drie jaar lange verloorstreep

Die Heilbron Rolbalklub het die afgelope naweek weer die pad na Sasolburg aangepak vir hul jaarlikse kragmeting teen die Sasolburg Rolbalklub.

Dit was vanjaar die vyfde keer dat die twee klubs mekaar die stryd aangesê het. Heilbron het die eerste jaar gewen, maar moes daarna drie jaar agtereenvolgens die knie buig. Vanjaar se oorwinning was daarom besonder belangrik vir die Heilbron-lede.

Byna die hele klub het na Sasolburg gereis om aan die dag deel te neem, wat vir 'n besonderse gees en goeie ondersteuning langs die bane gesorg het.

Die Sasolburg Rolbalklub het die Heilbron-span hartlik ontvang, en hul gasvryheid is opreg waardeer. Die dag het gesorg vir goeie gees, met goeie sportmanskap en ewige vriendskap tussen die twee klubs.

Die oorwinning beteken dus meer as net 'n wen op die telbord – dit was 'n besondere dag van rolbal, vriendskap en die voortsetting van 'n jarelange klubtradisie.



*Op die foto vl: Don Watt-Pringle (Visie President SBC), Poon Schoeman en Edward Muller.*



*Op die foto bo lede van Heilbron Rolbalklub vier hulle oorwinning saam.*

## Kransfontein Resiesduif Klub

Op Saterdag, 22 Augustus 2026 het Kransfontein Resiesduif klub vanaf Richmond gevlieg en die duiwe is om 07:15 gelos en die wenduif is om 14:14 geklok op Reitz. Die afstand wat die wenduif gevlieg het was 589 kilometers. 8 Lede en 335 duiwe het deelgeneem.

1. Spartan Pigeons 3
2. Wolmarans & Swart B
3. Inkwe Loft
4. Wolmarans & Swart B
5. Inkwe Loft
6. Inkwe Loft
7. Spartan Pigeons 2
8. Du Plessis Hokke
9. Wolmarans & Swart B
10. Inkwe Loft



*Op die foto is Willem Muller van Spartan Pigeons 3 met die wenduif nommer 3354.*







VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING

BKB
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 31 AUGUSTUS 2026
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
GILEAD Kwartaallikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674
DINSDAG - 1 SEPTEMBER 2026
WARDEN Jaarlikse Vetvee veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
UITVAL Maandelikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923
NEWCASTLE Maandelikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 372 9454
POTCHEFSTROOM: NW DORMER GROEP VEILING
11:00, Veilingskrale
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036
DAVEL: HoËVELD SA VLEISMERINO KLUB
11:00, The Bull Ring
Kontak Erik Heymans 083 331 1811
WOENSDAG - 2 SEPTEMBER 2026
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
FOURIESBURG Vetvee veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
GROENVLEI Maandelikse veiling
Kontak Molie Mentz 083 229 2500
DONDERDAG - 3 SEPTEMBER 2026
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923
BRANDFORT: NELLO DOHNE MERINO STOET VEILING
11:00, plaas Ofra
Kontak Henton Minnaar 082 772 2059
VRYDAG - 4 SEPTEMBER 2026
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
BLOEDRIVIER/NQUTU Maandelikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 372 9454
SATERDAG - 5 SEPTEMBER 2026
PARYS: NASIONALE BRAHMAN VEILING
11:00, Afridome
Kontak Piet Wessels 082 857 7827
BKB LIMITED
61 GRAHAMSTOWN RD, NORTHEND, PORT ELIZABETH, 6001
BTW NR.: 4100101338 REG NR.: 1998/012435/06